**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak nr: 1160/2005

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**TANKISO MPOLO**

---

**CORAM:** HANCKE, J *et* WRIGHT, J

---

**UITSPRAAK:** WRIGHT, J

---

**GELEWER OP:** 10 NOVEMBER 2005

---

[1] Die beskuldigde, 'n 41 jarige man, is skuldig bevind aan winkeldiefstal en gevonnis tot 18 maande gevangenisstraf.

[2] Hy het skuldig gepleit en vermeld dat hy nie kos het nie en dat hy werk gesoek het. Hy het vir 'n werknemer van Spar in Ladybrand gevra om vir hom kos te gee aangesien hy nie werk het nie en laasgenoemde het geantwoord dat hy moet gaan werk soek en dat hy hom nie enige kos sal gee nie. Daarna het hy kaas en ham ter waarde van R46,00 gesteel.

[3] Ter versagting het hy vermeld dat hy geskei is van sy vrou

en dat daar twee kinders uit die huwelik gebore is maar dat die kinders met haar moeder saamwoon. Hy het drie jaar laas gewerk maar is afgedank en hy doen tans stukwerk en tuinwerk en verdien R50,00 per dag. Hy het vermeld dat hy nie geld vir ‘n boete het nie en baie spyt is oor wat hy gedoen het.

[4] Dit is wel so dat die beskuldigde vorige veroordelings het onder meer twee van diefstal onderskeidelik in 2003 en 2004. Vir laasgenoemde oortreding is hy 24 maande gevangenisstraf opgelê maar het toe algemene amnestie ontvang. Dit is egter nie duidelik uit die J14 vorms wat die aard van die diefstal was wat deur hom gepleeg is nie. Dit is ook so dat ons te doen het met ‘n misdaad wat oor die algemeen baie voorkom in die betrokke landdroshofdistrik.

[5] Indien dit nie vir bogemelde verswarende omstandighede gewees het nie sou ‘n algehele opgeskorte vonnis in hierdie geval aangewese wees. In die lig van die verswarende faktore meen ek dat die landdros nie

gefouteer het nie deur gevangenisstraf op te lê nie maar dat die vonnis nog sodanig buitensporig is dat daarmee ingemeng behoort te word, veral in die lig van die waarde van die gesteelde goedere en die rede vir die pleging van die oortreding.

[6] Bygevolg word die skuldigbevinding bekragtig en die vonnis ter syde gestel en vervang met die volgende:

6 (ses) maande gevangenisstraf. Die vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 23 Augustus 2005.

**G.F. WRIGHT, R**
Ek stem saam.

**S.P.B. HANCKE, R**

/em